NUUSBRIEF 23 VAN 2026 25 JUNIE 2026

# RYNIENUUS




LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

## GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!



Kwartaal 2 van 2026 is iets van die verlede en ek dink ons almal sien uit na ‘n welverdiende wintervakansie! Baie dankie aan elke Rynie en personeellid vir al die harde werk om van hierdie kwartaal ‘n sukses te maak. Die eksamen het baie goed verloop en op buitemuurse gebied was die Rynies regdeur die kwartaal besig. Op sportgebied het dit baie goed gegaan met die rugby en netbal liga’s terwyl die kore, skaak ens. op kultuurgebied uitgeblink het. Die mini netbal en Valkie rugby is ook afgehandel. Baie dankie aan al die ouers wat ons gehelp het met afrigting en organisasie by die Valkie rugby, ons waardeer u hulp opreg. Oor die algemeen was dit ‘n goeie kwartaal vir die Rynies waarvoor ons dankbaar is.

***Baie sterkte aan ons hokkie- en krieketspanne wat hierdie vakansie toer.***



**Dankbaarheid is die deur na geluk en as ons met dankbaarheid kan terugkyk op kwartaal 2 is ons vol hoop vir die res van die jaar!**

Dit is nie geluk wat ons dankbaar maak nie dit is dankbaarheid wat ons gelukkig maak

**Die skool sluit môre en die leerders ontvang rapporte tussen <u>07:00 en 08:00</u> by hulle registerklasse. Let daarop dat daar geen skool môre is nie en die leerders haal slegs rapporte af. Daar is geen rapporte in die voorportaal beskikbaar nie. Rapporte wat nie afgehaal is nie sal volgende kwartaal in die klasse uitgedeel word. Ons hoop die Rynies en personeel geniet die vakansie en rus lekker uit vir kwartaal 3.**

***Skole heropen weer op Dinsdag 21 Julie 2026.***



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## VALKIE RUGBY

Ons O/8 seuns het hulle afsluiting by Fahrenheit gehad. Graag wil ons **Fahrenheit** bedank vir hulle gasvryheid en dat hulle al die leerders se kos en koeldrank geborg het.
Dankie vir elke seun wat getrou kom oefen het, asook die pappa’s wat as afrigters gedien het.









Fahrenheit
Seafood & Grill

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons herinner net weer ons ouers aan die versoek: Alle kultuur leeders se ouers moet asseblief ’n sakkie of lêer by die huis saamstel met afskrifte van u kind se sertifikate/uitslae. Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbrief gereeld. In kwartaal 3 sal ons vra dat alle uitslae asseblief na Juf. Coffey vir die prysuitdeling gestuur word.

## PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI

Ons sien uit na die eerste Saterdag na die skole open om dié dag met trots hier by Laerskool Rynfield aan te bied. Dankie aan elke Rynie wat gaan deelneem. Sien julle die 25ste Julie.

## KOOR

Dit was ‘n propvol naweek vir die kore met die seniorkoor wat Vrydagaand aan Ridgewood College se Massakoor byeenkoms deelgeneem het. Dit was hoendervleis mooi. Welgedaan Seniorkoor.



Saterdagaand het al 3 ons kore by Midstream aan die Prestige Skolereeks se koorfees deelgeneem. Ons is so trots op elke koorlid wat hul stem laat hoor het op die besondere platform. Rus lekker die vakansie.







# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SPREEKKORE

Ons begin weer volstoom in kwartaal 3 in die saal oefen.
**Dinsdae 7am Gr.6 + 7 en Donderdae 7am Gr.4 + 5**

Onthou spreekkore neem deel by Dell'Arte 4 September

## INTERSKOLE REDENAARS

Baie geluk aan al ons spanne wat deur is vir die Afrikaanse afdeling na die Nasionale rondte by WITS op die 19de September.

**Graad 1**
George Frederik Ferreira
Joey Meyer
Liam Hauptfleisch
Miloux Nel

**Graad 2**
AJ Briel
Eduhan Nel
Jan-Hendrik van Zyl
Ruan Nienaber

**Graad 3**
Declan van Wyk
Enzo Matthews
Hendrik Meyer
Kyle Parker

**Graad 3**
Lorenzo Figoli
Muller van Heerden
Sebastian Froneman
Ulrich Nel

**Graad 3** is Lorenzo Figoli deur vir Individuele Redenaars.

**Graad 4**
Kelby Hills
Kruger van der Westhuizen
Ulrich Duvenage
Wihann van der Westhuizen

**Graad 5**
Benjamin Froneman
Conrad Hoffmann
Milea du Plessis
Nina Hattingh

**Graad 6**
Carli du Plessis
Julienne Raysdorff
Livay Potgieter
Mia Pieterse

**Graad 7**
Callum Craig
Carmi Kruger
Leanay Nel
Tanya Nell

***Dankie vir 'n propvol kreatiewe kulturele kwartaal.***
*Kultuurgroete, Juf. Coffey*

Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KOSKAS

Baie dankie vir jul ondersteuning. Ons is huidiglik besig om die koskas skoon te maak en bietjie op te kikker. Ons benodig wel Woolworths lapsakke sowel as ontbytprodukte en melk vir kwartaal 3.

**NOGTANS DANKIE**






# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## VAKANSIEREËLINGS

- Die skool sluit môre, 26 Junie. Leerders gaan slegs hulle rapporte afhaal. Die naskool is dus vanaf **07:00-17:30** oop**.**
- Gedurende die vakansie is die naskool daagliks (Maandae-Vrydae) oop vanaf 07:00-17:30.
- Ontbyt, middagete, asook ‘n vrug en sap sal daagliks bedien word.
- U is welkom om ‘n ekstra peuselhappie saam te stuur of ‘n sakgeldjie vir die snoepie wat daagliks op ‘n bepaalde tyd sal oop wees.
- Dagbesoekers is welkom (slegs ingeskrewe leerders van Laerskool Rynfield, wat nie by die naskool ingeskryf is nie) teen R100-00 per dag, per leerder.
- Leerders is welkom om hul eie speelgoed, fietse, rolskaatse ens. saam te bring. Merk alles asseblief duidelik (geen fone/tablette). L.W. leerders aanvaar self verantwoordelikheid vir enige items wat hulle naskool toe bring.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**RYNIES GEE OM!!! 3DE KWARTAAL LEIERPROJEK**

**IN SAMEWERKING MET DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI**



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD


